
# 282 Lofsing die Here




Lofsing die Here, wat kunstig u liggaam berei het,
Hy is die Sterke wat altyd nog by u gebly het;
wat in gevaar, hoe groot, hoe dreigend, hoe swaar, oor u sy vleuels gesprei het!

Lofsing die Here, dis Hy wat u kroon met sy seën!
Hy skenk die lewe, die aarde, die sonlig, die reën!
O sterfling weet: Hy wat Almagtige heet, het ons in liefde geseën.

Lofsing die Here, ja, almal kom loof nou die Here!
Alles wat asem het, hier tot in tydlose sfere!
Hy is die Lig; ons oog bly op Hom gerig, Hy is die Heer van die Here!

Joachim Neander (1650-80) Stralsund (1665)